# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

**HANDELSREG**

**SG**

HANDELSREG SG

405 2 0A SG

**405-2/0 A**

10 bladsye

X05

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**HANDELSREG SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VRAAG 1 en enige VYF ander vrae.
- Slegs die eerste ses vrae sal nagesien word.
- Vrae moet puntsgewys en in volsinne beantwoord word.
- Beplan die lengte van jou antwoord volgens die punte wat aan die vraag toegeken word.
- Dis in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf.
- Omkring die vrae wat jy gedoen het op die voorblad van jou antwoordboek.

---

## VRAAG 1
## VERPLIGTEND

1.1 Hier volg 'n **lys** van moontlike antwoorde op die beskrywing wat volg. Kies die **korrekte** term om by die beskrywing te pas en skryf dit langs die vraagnommer neer.

- Tabel B
- Akte van oprigting en Statuut
- Prima facie
- Vennootskapspolis
- Eiendomsagent
- Agterborg
- Borg
- Redelike huur
- Negotiorum Gestor
- Pand
- Vennootskap deur gedrag
- Verband
- Vermoënstaat
- Wissel
- Delegatus non potest delegare
- Intestaat
- Lederegister
- Eksekuteur
- Kurator
- Testateur
- Balansstaat
- Sekwestrasie
- Likwidasie
- Maatskappy beperk deur garansie
- Faktor
- Tabel A
- Verteenwoordigings-bevoegdheid
- Sertifikaat van inlywing
- Beperk
- Tjek
- Beneficium Excussionis
- Prospektus
- Stigtingsverklaring
- Beneficium Divisionis
- Akte van oprigting
- Sertifikaat om met sake te begin
- Gewone vennootskap
- Lewenspolis

1.1.1 In hierdie soort vennootskap is die vennoot aanspreeklik teenoor derde persone wat in goeie trou onderhandelings met daardie vennootskap aangeknoop het op grond van sy/haar optrede.

1.1.2 'n Vennoot bind die vennootskap wanneer hy/sy 'n waarborg gee in verband met die solvensie van 'n kliënt.

1.1.3 Vennote verseker hul lewens oor en weer om die oorblywende vennote te vergoed vir die verlies wat afsterwe van een van die vennote kan meebring.

1.1.4 Die woord dui aan dat aandeelhouers slegs hul aandelekapitaal kan verloor indien die maatskappy insolvent raak.

1.1.5 Die maatskappy se doelstellings sluit liefdadigheid, kuns, onderwys, ensovoorts in.

1.1.6 Die dokumente vorm die konstitusie (grondwet) van die maatskappy.

1.1.7 Dit is 'n modelstatuut vir 'n publieke maatskappy.

1.1.8 Bewys dat maatskappy voldoen aan al die registrasievereistes van die Maatskappywet.

1.1.9 Skriftelike kennisgewing of advertensie wat die publiek uitnooi om aandele of skuldbriewe in die maatskappy op te neem.

1.1.10 Elke publieke maatskappy moet in besit wees van 'n ______ in een van die amptelike tale, by die geregistreerde kantoor.

1.1.11 Inligting word as korrek aanvaar totdat die teendeel bewys word.

1.1.12 Dien as die grondwet van 'n beslote korporasie.

1.1.13 Word vasgestel deur die Huurraad (Huurbehuisingstribunaal).

1.1.14 Opdrag moet in eie persoon uitgevoer word.

1.1.15 Verkoop goedere in sy/haar eie naam, namens die prinsipaal.

1.1.16 Iemand wat gewillig is om namens ander op te tree by die koop of verkoop, huur of verhuur van onroerende eiendom.

1.1.17 'n Persoon staan borg vir iemand wat reeds borg staan vir iemand anders.

1.1.18 Reg van uitwinning of uitskudding.

1.1.19 Die reg wat die skuldeiser verkry op die onroerende eiendom van die skuldenaar met die doel om 'n verpligting te verseker.

1.1.20 Proses waarvolgens, op bevel van die Hooggeregshof, al die bates van die insolvente persoon hom/haar ontneem word en in die hande van 'n trustee (kurator) geplaas word.

1.1.21 Neem die vorm van 'n balansstaat aan. Dit is 'n lys van die bates en laste van die insolvente persoon.

1.1.22 Hierdie persoon neem beheer van 'n insolvente boedel.


1.1.23 Hierdie persoon neem beheer van die boedel van 'n oorledene.

1.1.24 Persoon sterf sonder dat 'n testament opgestel is.

1.1.25 Opdrag van 'n persoon aan sy/haar bank om iemand anders op aanvraag te betaal. 25x2=**[50]**

## VRAAG 2
## VENNOOTSKAPPE/VERHANDELBARE DOKUMENTE

2.1 Bestudeer die volgende dokument en beantwoord die vrae wat volg.


Absa Midrand
GOLDEN BANK 21 Julie 2007
Betaal / Pay J. Nel Of toonder / Of order
Bedrag van / Amount of Vyf honderd rand alleen R 550 ---- ---- 00
K. Cook
12345 6789 2346 7890

2.1.1 Wat is die naam van die trekker? (2)

2.1.2 Wat is die naam van die nemer? (2)

2.1.3 Wat is die naam van die betrokkene? (2)

2.1.4 Is hierdie 'n order- of 'n toondertjek? (2)

2.1.5 Watter tipe kruising verskyn op die tjek? (2)

2.1.6 Sal die bank hierdie tjek wissel? Staaf jou antwoord. (6)

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die stelling ONWAAR is, skryf ONWAAR en die **korrekte** antwoord vir die **onderstreepte woord(e)** langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

2.2.1 Die vennoot se verpligting om te deel in die verliese kan deur ooreenkoms uitgesluit word.

2.2.2 Vennote is outomaties geregtig op vergoeding vir hulle dienste.

2.2.3 'n En Commandite-**vennoot** neem aktief deel aan die bestuur van die vennootskap.

2.2.4 As 'n vennootskap nie wins maak nie, kan dit deur die hof ontbind word. (10)

2.3 Jy en jou vriend(in) wil 'n **vennootskap** begin. In die naam van die vennootskap word slegs jou naam genoem.

2.3.1 Watter **tipe** vennootskap is dit? (2)

2.3.2 Wat is julle albei se **regte** in die vennootskap? Noem VIER regte. (8)

2.3.3 Noem DRIE **redes** waarom julle die vennootskap sal beëindig. (6)

2.3.4 Noem VIER aspekte wat julle in die skriftelike vennootskaps-ooreenkoms sal meld. (8)

**[50]**

## VRAAG 3
## MAATSKAPPYWET

3.1 Kies die **korrekte antwoord** uit die moontlikhede wat gegee word en skryf dit langs die vraagnommer neer.

3.1.1 Watter dokument gebruik publieke maatskappye om die publiek uit te nooi om aandele te koop?

A. Akte van oprigting
B. Statuut
C. Prospektus
D. Sertifikaat van inlywing

3.1.2 Die dokument bepaal die huishoudelike (interne) reëls van die maatskappy.

A. Akte van oprigting
B. Statuut
C. Prospektus
D. Sertifikaat van inlywing

3.1.3 Watter dokument stipuleer die vergoeding wat aan direkteure betaal moet word?

A. Akte van oprigting
B. Statuut
C. Prospektus
D. Sertifikaat van inlywing (6)

3.2 Noem DRIE verskille tussen publieke en privaatmaatskappye. (6)

3.3 Noem TWEE ooreenkomste tussen 'n maatskappy en 'n natuurlike persoon. (4)

3.4 Noem DRIE sake waarvoor die promotors verantwoordelik is tydens die stigting (flotering) van 'n maatskappy. (6)

3.5 Noem VIER dokumente wat ingedien moet word by die oprigting van 'n publieke maatskappy. (8)

3.6 Skryf aantekeninge oor die volgende wat betref die **naam** van die maatskappy:

3.6.1 VIER beperkinge (8)
3.6.2 Reservering daarvan (4)
3.6.3 Vertoning van die naam (4)

3.7 Noem TWEE gevolge van onware verklarings in die prospektus. (4)
**[50]**

## VRAAG 4
## BESLOTE KORPORASIE/RETENSIEREG

4.1 Dui aan watter van die volgende voorbeelde 'n skuldenaar en skuldeiser-; of bergings- of verbeteringsretensiereg is.

4.1.1 'n Skoenmaker op die skoene wat hy herstel het.

4.1.2 'n Ouditeur op die state wat hy voorberei het.

4.1.3 Voer van 'n hond om hom aan die lewe te hou totdat sy eienaar terugkom.

4.1.4 Sink van 'n boorgat op 'n plaas. (8)

4.2 Noem DRIE gevalle waar die skuldeiser nie sy retensiereg op goedere sal verloor nie. (6)

4.3 Dui aan of die skuldeiser in die volgende gevalle 'n retensiereg het of nie. Gee elke keer 'n rede vir jou antwoord.

4.3.1 Die boukontrakteur van 'n huis wil nie die sleutel van die voltooide huis aan die voornemende eienaar gee nie, omdat laasgenoemde hom nie wil betaal nie.

4.3.2 Die boukontrakteur staak die bouwerk vir 'n tydperk en omhein die erf waarop hy bou.

4.3.3 Die pandjieswinkeleienaar gee 'n vrou se wasmasjien aan haar terug sodat sy gou haar wasgoed kan was op voorwaarde dat sy dit terugbring na wasdag. Sy weier om dit terug te bring. (6)

4.4 Wat is die wetlike gevolge van 'n retensiereg? Noem TWEE feite. (4)

4.5 Noem VIER kenmerke van 'n beslote korporasie. (8)

4.6 Noem DRIE regte van die lede van 'n beslote korporasie. (6)

4.7 Verduidelik die **ontbinding/beëindiging** van 'n beslote korporasie. (12)
**[50]**

## VRAAG 5
## HUUR EN VERHUUR VAN ONROERENDE EIENDOM

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien ONWAAR, skryf die korrekte antwoord vir die **onderstreepte woord(e)** langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

5.1.1 Die verhuurder van onroerende eiendom <u>moet die eienaar wees</u> van die eiendom wat hy verhuur.

5.1.2 'n Huurkontrak vir die verhuur van grond vir 10 jaar of langer moet <u>geregistreer</u> wees.

5.1.3 <u>Plattelandse eiendom</u> mag onderverhuur word sonder die toestemming van die verhuurder.

5.1.4 Indien die <u>verhuurder</u> insolvent verklaar word, word die huurder nie benadeel nie. (10)

5.2 Noem DRIE vereistes of essentialia waaroor partye moet ooreenkom vir die bestaan of totstandkoming van 'n huurkontrak. (6)

5.3 Die verhuurder moet al die nodige herstelwerk doen. Noem die **regsmiddele** wat die **huurder** het as die verhuurder versuim om die herstelwerk te doen. (6)

5.4 Verduidelik die volgende:

5.4.1 Verbeuringsbeding (4)

5.4.2 Huurwet (Huurbehuisingstribunaal) (4)

5.4.3 Statutêre huurder (4)

5.5 Verduidelik: **Huur gaat voor koop**. (10)

5.6 Noem DRIE gevalle waar 'n verhuurder 'n uitsettingsbevel aan 'n huurder mag gee. (6)

**[50]**

## VRAAG 6
## AGENTSKAP/BORGSKAP

6.1 Noem DRIE maniere waarop agentskapskontrakte tot stand kan kom. (6)

6.2 Noem DRIE gevalle waar die reg skriftelike magtiging van die prinsipaal vereis voordat die agent sy plig kan uitvoer. (6)

6.3 Verduidelik die **negotiorum gestor** onder die volgende opskrifte:

6.3.1 Definisie (4)
6.3.2 Vergoeding (4)

6.4 Identifiseer die **tipe agent** in die volgende beskrywings:

6.4.1 Verkoop roerende eiendom of verhandelbare dokumente namens kliënte. (2)

6.4.2 Verkoop goedere namens die prinsipaal en waarborg dat die koper sal betaal. (2)

6.5 Verduidelik die agent se plig van **goeie trou**. (8)

6.6 Skryf slegs die **ontbrekende woord(e)** langs die korrekte vraagnommer in jou antwoordboek neer.

6.6.1 'n Borgkontrak is 'n ooreenkoms tussen die borg en die _______.

6.6.2 Voordat 'n borgkontrak gesluit kan word, moet daar eers 'n ______ bestaan.

6.6.3 Die borg ______ die skuldenaar se aanspreeklikheid, hy vervang dit nie.

6.6.4 Die borgkontrak wat gesluit word, moet ______ wees.

6.6.5 Die borg kan hom/haar ook voorwaardelik bind indien die hoofskuld ______ is.

6.6.6 Beneficium cedendarum actionum is die borg se reg van ______. (6)

6.7 Verduidelik die gevalle wanneer die borg hom **nie** op "beneficium excussionis" kan beroep nie. (6)

6.8 Noem DRIE redes vir die beëindiging van 'n borgkontrak. (6)
**[50]**

## VRAAG 7
## PANDE EN VERBANDE

7.1 Noem TWEE verskille tussen pande en verbande. (4)

7.2 Noem DRIE formaliteite vir die totstandkoming van pande. (6)

7.3 Noem TWEE regte van die pandhouer (skuldeiser). (4)

7.4 Verduidelik die formaliteite vir die totstandkoming van 'n **spesiale verband** op onroerende eiendom. (10)

7.5 Skryf verklarende aantekeninge oor die **kustingsbrief**. (10)

7.6 Skryf slegs die **ontbrekende woord(e)** langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

7.6.1 'n ______ skep sekuriteit vir sowel bestaande as toekomstige verpligtinge van die skuldenaar.

7.6.2 Die ______ en ______ klousules is spesiale klousules in die verbandakte.

7.6.3 ______ ontstaan op bevel van die hof. (4)

7.7 Noem, in volsinne, VIER redes vir die beëindiging van pande en verbande. (8)

7.8 Noem TWEE tipes verbande wat ontstaan deur die werking van die wet. (4)
**[50]**

## VRAAG 8
## INSOLVENSIE

8.1 Wanneer word 'n persoon

8.1.1 insolvent verklaar? (4)
8.1.2 gesekwestreer? (4)
8.1.3 gelikwideer? (4)

8.2 Noem TWEE dade van insolvensie. (4)

8.3 Voordat die hof 'n bevel tot finale sekwestrasie uitvaardig, moet hy van DRIE feite oortuig word. Noem die DRIE feite. (6)

8.4 Die klerk van die hof moet die oorspronklike bevel van sekwestrasie aan die Meester stuur. Noem nog TWEE persone wat ook kennisgewing van sekwestrasie moet kry. (4)

8.5 Verduidelik die **afsonderlike boedel van die insolvent se gade**. (10)

8.6 Noem DRIE persone wat onbevoeg is om as trustee (kurator) van 'n insolvente boedel op te tree. (6)

8.7 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien ONWAAR, skryf die korrekte antwoord vir die onderstreepte woord(e) langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

8.7.1 Die insolvente boedel word in twee dele verdeel, naamlik versekerde bates en <u>voorkeurskuldeisers</u>.

8.7.2 Die verhuurder se <u>hipoteek vir agterstallige huur</u> is een van die vernaamste sekuriteite op roerende eiendom.

8.7.3 <u>Eksekusie</u> skeld 'n insolvente persoon vry van al sy skulde wat voor sekwestrasie verskuldig was. (8)
**[50]**

## VRAAG 9
## TESTAMENTE

9.1 Wat is die verskil tussen 'n **wederkerige** testament en 'n **gesamentlike** testament? (4)

9.2 Verduidelik wie regtens bevoeg is om 'n testament **op te stel**. (8)

9.3 Noem TWEE persone wat nie in 'n testament bevoordeel mag word nie. (4)

9.4 Skryf aantekeninge oor die volgende wat betref **herroeping** van 'n testament.

9.4.1 Betekenis (2)

9.4.2 TWEE gevalle waar herroeping nie mag plaasvind nie (4)

9.4.3 TWEE metodes van herroeping (4)

9.5 Skryf slegs die **ontbrekende woord(e)** langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

9.5.1 'n Eksekuteur word deur die ______ benoem.

9.5.2 Die eksekuteur se aanstelling word deur 'n ______ bevestig.

9.5.3 Die eksekuteur moet aan die ______ verslag doen oor die uitvoering van sy pligte.

9.5.4 Wanneer 'n testament nie gevind kan word nie, word aanvaar dat die testament ______ is.

9.5.5 Geregtelik is alle persone ______ jaar en ouer bevoeg om as getuies tot 'n testament op te tree.

9.5.6 Die handtekening van die testateur/testatrise moet in die teenwoordigheid van ______ aangebring word.

9.5.7 'n ______ is 'n byvoegsel of aanhangsel (veranderinge of byvoegings) tot 'n bestaande testament.

9.5.8 'n Testament is die ______ en ______ wilsuiting wat op 'n voorgeskrewe manier moet plaasvind.

9.5.9 ______ van bestorwe boedels is die wetlik voorgeskrewe prosedures wat gevolg moet word om die boedel onder die begunstigdes te verdeel. (10)

9.6 Noem DRIE formaliteite wat vereis word om 'n testament op te stel. (6)

9.7 Noem VIER pligte van die eksekuteur. (8)
**[50]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**